*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie ryklik versierde Victoriaanse huis is een van die sogenaamde volstruispaleise en is deur die bekende argitek Charles Bullock ontwerp. Dit is gedurende 1909/10 opgerig vir J. H. J. le Roux van die plaas Baakenskraal in 'n stadium toe die volstruisveernywerheid sy hoogtepunt bereik het. 10/2/739.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

*Historical and architectural interest*

This richly ornamented Victorian house is one of the so-called ostrich palaces and was designed by the well-known architect Charles Bullock. It was erected during 1909/10 for J. H. J. le Roux of the farm Baakenskraal at a stage when the ostrich feather industry was at its peak. 10/2/739.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

---

No. 315 22 Februarie 1980

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE RUÏNES VAN DIE MARIANNEKERK EN DIE WAL DAAROMHEEN, GELEË OP DIE PLAAS DOVETON, DISTRIK WINTERTON

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die ruïnes van die Mariannekerk en die wal daaromheen, geleë op die plaas Doveton, in die distrik Winterton, Natal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die ruïnes van die Mariannekerk en die wal daaromheen, geleë op die restant van Wilde Perde Vlei 1004 (nou bekend as Doveton), geleë in die county Weenen, provinsie Natal.

Transportakte 6019/1940, gedateer 19 Desember 1940.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie ruïnes is die oorblyfsels van die tweede Nederduitse Gereformeerde kerk wat in Natal opgerig is en wat vanaf 1852 tot 1874 in gebruik was. Dit is na dr. Faure, destydse leraar van Pietermaritzburg, se vrou vernoem. 10/2/764.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 315 22 February 1980

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE RUINS OF THE MARIANNE CHURCH AND THE BANK SURROUNDING IT, SITUATED ON THE FARM DOVETON, DISTRICT OF WINTERTON

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the ruins of the Marianne Church and the bank surrounding it, situated on the farm Doveton, in the District of Winterton, Natal, to be a national monument.

*Description*

The ruins of the Marianne Church and the bank surrounding it, situated on the remainder of Wilde Perde Vlei 1004 (now known as Doveton), situate in the County of Weenen, Province of Natal.

Deed of Transfer 6019/1940, dated 19 December 1940.

*Historical and architectural interest*

These ruins are the remains of the second Dutch Reformed church erected in Natal and which was in use from 1852 to 1874. It was named after the wife of the then minister of Pietermaritzburg, Dr Faure. 10/2/764.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

---

No. 316 22 Februarie 1980

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE HISTORIESE KAVALLERIEBARAKKE EN STALLE, TE PEDDIE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese kavalleriebarakke en stalle, te Peddie, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese kavalleriebarakke en stalle, geleë op sekere stuk grond, synde Erf 306, Peddie, in die munisipaliteit en administratiewe afdeling Peddie.

Transportakte 27749/1978, gedateer 27 Oktober 1978.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie militêre gebouekompleks is in ongeveer 1840 opgerig en het tot 1862 as belangrike sentrum van onder andere die Cape Mounted Riflemen gedien. Hierna is van die militêre geboue jare lank as Residensie en posmeesterswoning gebruik. 10/2/765.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 316 22 February 1980

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE HISTORIC CAVALRY BARRACKS AND STABLES, AT PEDDIE

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the historic cavalry barracks and stables, at Peddie, to be a national monument.

*Description*

The historic cavalry barracks and stables, situated on certain piece of land, being Erf 306, Peddie, in the Municipality and Administrative Division of Peddie.

Deed of Transfer 27749/1978, dated 27 October 1978.

*Historical and architectural interest*

This military building complex was erected in about 1840 and until 1862 served as an important centre of, among others, the Cape Mounted Riflemen. Hereafter some of the military buildings were used for many years as the Residency and postmaster's dwelling. 10/2/765.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.